



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2013

**GESKIEDENIS V2
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 29 bladsye.

BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende Leeruitkoms en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:

LEERUITKOMSTE	ASSESSERINGSTANDAARDE
Leerders kan die volgende doen:	
Leeruitkoms 1 (Geskiedkundige ondersoek)	<ol style="list-style-type: none"> 1. Formuleer vrae om begrippe te ontleed vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word. (Nie vir eksamendoeleindes nie.) 2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. (Nie vir eksamendoeleindes nie.) 3. Interpreteer en evaluateer inligting en data uit die bronne 4. Bestudeer inligtingsbronne en evaluateer die nut van die bronne vir die taak met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in beskikbare getuienis.
Leeruitkoms 2 (Geskiedkundige begrippe)	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene 2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word 3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasie en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.
Leeruitkoms 3 (Vertolking van kennis en kommunikasie)	<ol style="list-style-type: none"> 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk, krities. 2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun. 3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word. 4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings.

- 1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om bron gebaseerde vrae te assesseer:

VLAKKE VAN BRONGBRASEERDE VRAE	
VLAK 1 (V1)	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne. • Organiseer die inligting logies. • Verduidelik geskiedkundige begrippe.
VLAK 2 (V2)	<ul style="list-style-type: none"> • Kategoriseer gesikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord. • Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is. • Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne gesik is vir die taak.
VLAK 3 (V3)	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretier en evalueer inligting en data uit die bronne. • Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes subjektiwiteit en gaping in die beskikbare getuienis. • Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies. • Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word. • Vergelyk en kontrasteer interpretasie en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. • Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekking wat uit die data blyk krities.

- 1.3 Die volgende tabel dui aan hoe bron gebaseerde vrae geassesseer word:

<ul style="list-style-type: none"> • By die nasie van alle bron gebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde. • By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is. • By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
--

UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

VLAK VAN VRAAG
<p>Vlak 1</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk vraag uiteengesit word. • Beplan en konstroeer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik.
<p>Vlak 2</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun. • Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis. • Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel.

2.2 Nasien van uitgebreide werk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESifieKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESifieKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal ook leerders ontmoedig om "model-antwoorde" voor te berei en te reproducere sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n punt;
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun; en
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:
 - Inleiding, hoofaspekte en slotmerking nie behoorlik kontekstualiseer 
 - verkeerde stelling 
 - irrelevante stelling 
 - Herhaling **R**
 - analyse **A**
 - interpretasie **I**

4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7).**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- 4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

- 4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op matriks) van die aanbieding bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

- 4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 18 – 19
A	VLAK 5	

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7).**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

I en A	VLAK 5	18 – 20
--------	--------	---------

GRAAD 12 ANALITIESE Matriks vir uitgebreide skryfwerk:

AANBIEDING	VLAK 7 Baie goed beplan en gestructureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig.	VLAK 6 Goed beplan en gestructureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanglike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun.	VLAK 5 Goed beplan en gestructureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Gebruik gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanglike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun	VLAK4 Argument beplan en gestructureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis skryfwerk gestructureerd.	VLAK 3 Argument beplan en gestructureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks Beskrywend/poging om argument te ontwikkel.	VLAK 1 Min sprake van analyse en geskied-kundige verduideliking. Antwoord glad nie gestructureerd nie.
INHOUD							
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhouseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/argument wat gevvolg is.	27 – 30	24 – 26					
VLAK 6 Vraag is beantwoord Inhou seleksie relevant tot gedagterigting/argument wat gevvolg is.	24 – 26	23	21 – 22				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhou toereikend en relevant.		21 – 22	20	18 – 19			
VLAK 4 Vraag herkenbaar In antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/irrelevante Inhou seleksie.			18 – 19	17	15 – 16		
VLAK 3 Inhou seleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglating				15 – 16	14	12 – 13	
VLAK2 Inhou skraal. Vraag ontoereikend beantwoord.					12 – 13	11	9 – 10
VLAK 1 Vraag nie beantwoord nie. Inhou ontoereikend. Heeltemal irrelevant.						9 – 10	0 – 8

GRAAD 12: HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYWERK TE ASSESSEER (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)

VLAK	Indien die kandidate alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die Punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.
7 Uitstekend 80 – 100% 24 – 30 (Uitstekend)	Fokus deurgaans op onderwerp-demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Groeppeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne nie te skryf nie) Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek Verwys korrek na relevante, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne Druk hom-/haarself duidelik uit Eindig met duidelike fokus op die onderwerp-neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike oorspronklike slotsom.)
6 Verdienstelik 70 – 79% 21 – 23 (Baie goed)	Wend goeie pogings aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne Poog om teen-argument te oorweeg Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Goeie uitdrukking Eindig met duidelike fokus op die onderwerp-neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/oorspronklike slotsom)
5 Substantief 60 – 69% 18 – 20 (Goed)	Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge Begryp die meeste van die bronne Gebruik die meeste van die bronne Selekteer relevante bronne Uitdrukking goed, maar daar is foute Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekkings te maak.
4 Gemiddeld 50 – 59% 15 – 17 (Bevredigend)	Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Uitdrukking bevestigend Wend poging aan om 'n standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daarvan te haak.
3 Toereikend 40 – 40% 12 – 14 (Redelik)	Geringe poging om te fokus op die onderwerp Min begrip van die bronne Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig Geen aanhalings nie - of oor die algemeen irrelevant Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg Bronne word gelys Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Geringe uitdrukking Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom)
2 30 – 39% 09 – 11 (Swak)	Kan nie op onderwerp fokus nie Kan nie relevante bronne identifiseer nie Geen aanhalings nie-of meestal irrelevant Poog glad nie om teenargumente oorweeg nie Skryfwerk bloot 'n lys van bronne Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Baie swak uitdrukking. Swak poging om standpunt in te neem, indien enige.
1 Nie behaal nie 0 – 29% 0 – 8 (Baie swak)	Geen fokus om op die onderwerp te fokus nie. Maak glad nie gebruik van bronne nie. Heeltemal irrelevant. Skryf bron direk oor. Antwoord uiterst swak.

VRAAG 1: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE TOT DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BYDRA?

1.1 1.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V1 – LUI (AS2)]*

- Gorbachev (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU2 (AS3)]*

- Rekonstruksie van die ekonomiese (1 x 2) (2)
- Vermindering van die militêre begroting.
- Meer kompetisie en winsmaking toegelaat
- Minder kontrole deur regering
- Moedig Westerse maatskappye aan om in die Sowjetunie te belê.
- Enige relevante verduideliking.

1.1.3 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1A – V1 – LU2 (AS2)]*

- Glasnost (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU2 (AS2)]*

- Deursigtigheid in die regering se beleid (1 x 2) (2)
- Meer vryheid van spraak toegelaat
- Kritiek teenoor die regering se beleid toegelaat
- Korruksie van staatsamptenare sou beëindig word
- Publieke opinie sou in ag geneem word
- Enige ander relevante antwoord

1.1.5 *[Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1A – V3 – LU2 (AS3)]*

- Beïnvloed ekonomiese en politieke aangeleenthede
- Lei tot die einde van kommunisme/val van Sowjetunie
- Teenkanting van stoere kommuniste
- Gorbachev meer ongewild
- Demokrasie – verkiesings (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1B – V2 – LU3 (AS3)]*

- Val van die Berlynse Muur
- Einde van die Koue Oorlog
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.2 [Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1B – V3 – LU2 (AS3)]

- Wou hê Suid-Afrika moet 'n demokratiese land word
- Daar was nie meer vrese oor kommunisme nie
- Menseregte was geskend in Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 [Interpretasie en analise van inligting uit Bron 1B – V2 – LU2 (AS2)]

- Internasionaal geïsoleer
- Suid-Afrika se ekonomiese was in 'n ekonomiese krisis
- Sanksies en ekonomiese druk op SA
- Interne druk/Optogte in SA
- Enige ander relevante verduideliking. (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1 – LU1 (AS2)]

- Ontban politieke organisasies
- Vrylating van politieke gevangenes
- Onvoorwaardelike vrylating van Nelson Mandela
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

1.3.2 [Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1C – V2 – LU2 (AS3)]

- Lei tot onderhandeling tussen die ANC en ander politieke partye
- Nuwe dispensasie
- Eerste demokratiese verkiesing
- Demokratiese / nie-rassige Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 [Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU3 (AS2)]

- Die meerderheid Afrikane was verheug omdat dit vryheid en gelykheid sou beteken
- Die minderheid verregse ondersteuners het 'n swart meerderheid gevrees en hulle beywer vir 'n eie "volkstaat"
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

- 1.3.4 [Interpretasie en analyse van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU1 (AS3) – LU2 (AS2)]

Kandidate kan of met die stelling saamstem of nie saamstem nie. Hulle moet hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.

STEM SAAM

- Ekonomiese en politieke druk.
- Die NP het besef dat die enigste manier om die aanhoudende geweld te staak, was om met die ANC te onderhandel.
- Die beëindiging van kommunisme het veroorsaak dat voormalige vyande mekaar verskillend beskou het.
- Enige ander relevante antwoord.

OF

STEM NIE SAAM NIE

- FW de Klerk kon dieselfde ingesteldheid as die voormalige president, PW Botha ingeneem het.
- Kon die weermag vergroot en meer mag gegee het om die massas in Suid-Afrika te onderdruk.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 1.4 [Interpretasie en sintese van bewyse uit Bron 1A en 1C – V3 – LU3 (AS3)]

- Beide De Klerk en Gorbachev het hervormings ingestel.
- In beide SA en die Sowjetunie was daar 'n gevoel van trauma, opgewondenheid en ongeloof.
- In Suid-Afrika was apartheid beëindig, terwyl in Europa die Berlynse muur neergekom het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 1.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewys uit alle bronre – V3 – LU1 (AS2 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

Kandidate kan van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Beëindiging van kommunisme in die Sowjetunie
 - Die gevolge van Gorbachev se hervormings op internasionale politiek
 - Internasionale druk
 - Suid-Afrika nie langer beskou as die beskermer teen kommunisme in Suidelike-Afrika nie
 - Aanhoudende geweld in SA
 - Interne druk van verskeie politieke organisasies binne SA
 - Die gevolge van De Klerk se aankondiging op 2 Februarie 1990
 - Enige ander relevante antwoord.
- (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip oor hoe die Suid-Afrikaanse regering gedwing was om hul apartheidsbeleid te verander. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie. 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip oor hoe die Suid-Afrikaanse regering gedwing was om hul apartheidsbeleid te verander. • Gebruik bewyse of 'n baie eenvoudige manier. 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Suid-Afrikaanse regering geforseer was om hul apartheidsbeleid te verander. • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	Punte: 6 – 8

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 1.6.1 *[Beplan en konstreeer 'n argument wat op bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasie vaardighede te gebruik – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul antwoord insluit.

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van kommunisme en die val van die USSR uiteindelik tot die val van apartheid in Suid-Afrika geleid het.

HOOFAFSPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate kan agtergrond gee oor die situasie in beide die USSR en Suid-Afrika in die 1980's of enige relevante inleiding.

UITBREIDING

- Gorbachev se rol in die beëindiging van kommunisme.
- Die instelling van Perestroika en Glasnost in Rusland
- Die impak van Glasnost en Perestroika op die Sowjetunie en SA.
- Die beëindiging van kommunisme.
- Suid-Afrika was nie meer beskou as die beskermer van Suidelike-Afrika teen kommunisme nie
- Verbanne organisasies kon nie meer beskou word as kommunistiese geïnspireerde terroriste nie.
- De Klerk was verplig om met verbode politieke organisasies te onderhandel.
- Internasionale druk
- Vryheidsbewegings was ook verplig om te onderhandel.
- Die proses van onderhandeling lei tot die beëindiging van apartheid.
- Enige ander relevante antwoord.

- Samevatting: Kandidate moet hulle argument met relevante bewyse afsluit. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

OF

- 1.6.2 [Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur bewyse uit al die bronne en eie kennis te gebruik om die argument te ondersteun –V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

SINOPSIS

Kandidate moet op die eksterne en interne faktore fokus wat die apartheidregering en vryheidsorganisasies gedwing het om vir 'n nuwe toekoms vir SA te onderhandel.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate kan verwys hoe sekere faktore die weg gebaan het vir hervorming.

UITBREIDING

- Gorbachev se rol in die beëindig van kommunisme.
- Glasnost of Perestroika
- Konstitutionele verander in SA in 1980's – bv. Driekamerparlement, ens.
- Die impak van Gorbachev se hervorming op SA
- VSA nie meer gewillig om rassistiese politieke beleid van SA te ondersteun nie.
- Internasionale druk
- SA word nie meer gesien as beskermer van Suidelike-Afrika teen kommunisme nie.
- Einde van Koue Oorlog
- Sowjetunie nie meer gesien as 'n bedreiging nie.
- Verandering in leierskap van SA
- SA is in 'n doodloopstraat
- FW de Klerk se aankondiging op 2 Februarie 1990
- Lê fondasie vir nuwe demokratiese Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord.

• Samevatting: Kandidate moet argument met 'n relevante samevatting afsluit. (30)
[75]

Gebruik die matriks op bladsy 8 van hierdie dokument om hierdie skryfwerk te assesseer.

VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA IN DIE 1990's GELEI?

2.1 2.1.1 [Onttrek bewys uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS1)]

- Portugal (1 x 2) (2)

2.1.2 [Identifikasie van relevante inligting uit Bron 2A – V2 – LU2 (AS2)]

- MPLA (2 x 1) (2)
- UNITA

2.1.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V3 – LU2 (AS3)]

- Die Sowjetunie het die MPLA gehelp
- Amerika en Suid-Afrika het UNITA gehelp
- Angola was deur Amerika en die USSR gebruik om hul ideologieë te versprei.
- Die natuurlike hulpbronne van Angola was uitgebuit deur die supermoondhede.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 3 x 2) (6)

2.1.4 [Interpretasie en analise van inligting uit Bron 2A – V2 – LU2 (AS3)]

- Beide wou Angola gebruik om hul ideologieë te versprei.
- Beide wou Angola ekonomies uitbuit vir hul eie ekonomiese voordeel en hul eie aansien verhoog.
- Angola was ryk aan natuurlike hulpbronne, olie en diamante.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 [Verduideliking van geskiedkundige begrip uit Bron 2B – V1 – LU2 (AS1)]

- Gebaseer op die filosofie van Marx en Lenin.
- Alles word deur die staat beheer.
- Klaslose samelewing
- Eenparty-staat
- Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.2 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU2 (AS2)]

- Val van die Berlynse Muur
- Ineenstorting van kommunisme
- Einde van die Koue Oorlog
- Skietstaking tussen die MPLA en UNITA
- Vredesooreenkoms gesluit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU2 (AS2)]

- 'n 20-jaar lange burgeroorlog.
- Angola het haar militêre en finansiële hulp vanaf die supermoondhede verloor.
- Het Angola ekonomies verswak.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 [Onttrekking van bewys uit Bron 2B – V1 – LU1 (AS1)]

- 54% (1 x 1) (1)

2.2.5 [Interpretasie en analise van bewys uit Bron 2B – V3 – LU3 (AS2)]

- Veelparty verkiesings was gehou.
- Verdraagsaamheid teenoor alle politieke partye.
- Demokratiese klimaat vir verandering geskep.
- Te veel politieke partye betrokke vir 'n stabiele regering.
- Die MPLA het nog steeds die dominerende party gebly.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.6 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU2 (AS3)]

Kandidate moet 'n standpunt inneem en hul antwoord motiveer.

BRUIKBAAR

- Angola verander vanaf 'n Marxistiese stelsel van regering na 'n meer demokratiese een.
- Veelparty verkiesing was gehou en kan bevestig word.
- Enige ander relevante antwoord.

NIE-BRUIKBAAR

- Enige relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 [Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2C – V1 – LU2 (AS2)]

- Iemand wat uit hul tuisland moes vlug.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

2.3.2 [Onttrekking van relevante inligting uit Bron 2C – V1 – LU1 (AS3)]

- Infrastruktuur was verwoes.
- Ekonomie van Angola was verwoes.
- Gevaarlike landmyne was gestrooi dwarsdeur die land.
- Miljoene mense het uit Angola gevlug.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

2.3.3 [Interpretasie in analyse van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU2 (AS3)]

- Mense- en kinderregte was geskend.
- Kinders het geen lewe gehad en geen opvoeding nie.
- Die enigste uitweg vir sommige om te oorleef, om 'n inkomste of kos te kry was om die aan die kant van die MPLA te veg.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.4 [Interpretasie, analyse en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

Kandidate moet van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die stryd tussen die Ooste en Weste beklemtoon
- MPLA was deur Kuba en die Sowjetunie ondersteun
- UNITA was deur SA en die VSA ondersteun
- Supermoondhede wou Angola beheer oor haar ryk natuurlike mineraal bronne
- Supermoondhede wou steun van Derde-wêreldlande wen
- Vererger gevegte in Angola
- Lei tot 40-jaar lange burgeroorlog
- Negatiewe impak op Angola se ekonomie
- Die burgeroorlog het 'n negatiewe impak op die lewens van mense in Angola
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip oor hoe Angola 'n slagoffer in die Koue Oorlog geword het. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie. 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp. bv. toon begrip van hoe Angola 'n slagoffer in die Koue Oorlog geword het. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe Angola 'n slagoffer in die Koue Oorlog geword het. • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	Punte: 6 – 8

2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 2.5.1 [Beplan en konstreeer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasie vaardighede – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die eenstorting van die Sowjetunie tot die hervoorstelling van Angola in die 1990's bygedra het.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate kan verduidelik watter impak die eenstorting van die Sowjetunie op Angola gehad het.

UITBREIDING

- Verandering in die Sowjetunie en in Oos-Europa het die USSR gedwing om sy rol in Angola te verander.
 - Gorbachev se hervorminge het tot die val van kommunisme geleid.
 - Lei tot die einde van die Koue Oorlog.
 - Die Sowjetunie het belangstelling in Angola verloor.
 - Het nie meer die MPLA magte ondersteun nie.
 - Amerika verloor ook nou belangstelling in Angola en onttrek sy ondersteuning aan UNITA.
 - Die MPLA regering het kommunisme met 'n demokratiese regeringstelsel vervang.
 - Veelparty verkiesings was gehou.
 - Die MPLA bly in beheer.
 - Enige ander relevante antwoord.
- Samevatting: Kandidate moet argument met 'n relevante samevatting afsluit. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

- 2.5.2 [Sintetiseer inligting om 'n argument te konstreeer – gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

SINOPSIS

Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle verduidelik watter impak die val van kommunisme op Angola gehad het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate kan inligting verskaf waarom Angola se politieke, ekonomiese en sosiale toestand in 'n haglike toestand was.

UITBREIDING

- Na die val van kommunisme het die supermoondhede belangstelling verloor in Angola
- Gevegte om mag (burgeroorlog) tussen die MPLA en UNITA het nie opgehou nie.
- Die ekonomie van Angola het swak gebly.
- Kinders is ook tydens die burgeroorlog gebruik om aan die kant van die MPLA te veg om sodoende die swaarkry te oorleef
- Landmyne was verspreid regoor die land.
- Duisende het uit die land gevlug en vlugtelinge geword.
- Die supermoondhede speel 'n belangrike rol om die burgeroorlog te beëindig.
- Die Bicesse Vredesooreenkoms was tussen die MPLA en UNITA gesluit.
- Lei tot demokratiese verkiesings.
- Veelparty verkiesings toegelaat.
- Die MPLA het in mag gebly – 54% van die stemme gewerf.
- Kapitalistiese beleid ingestel.
- Enige relevante antwoord.

- Samevatting: Kandidate moet argument met 'n relevante samevatting afsluit.

(30)
[75]

Gebruik die matriks op bladsy 8 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE ONDERHANDELINGSPROSES ONDERVIND?

3.1 3.1.1 [Onttrek bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS2)]

- ANC
- Inkatha Vryheidsparty (IVP) (2 x 1) (2)

3.1.2 [Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V2 – LU2 (AS2)]

- IVP ondersteuners was gekant teen die idee dat die ANC beskou was as die mondstuksel van alle Afrikane.
- Die ANC was gekant teen die feit dat die IVP soveel aanhang onder swart Suid-Afrikaners geniet het.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.1.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3A – V3 – LU2 (AS3)]

Kandidate moet 'n standpunt inneem en hul antwoorde motiveer.

NEE

- Is nie 'n objektiewe standpunt nie.
- Die noodtoestand wat deur die apartheidsregering uitgeroep was het die lewens van menige Afrikane geëis.
- Die apartheidsregering het vele Afrikane en hul organisasies met geweld onderdruk.
- Enige ander relevante antwoord.

JA

- Standpunt kan subjektief wees.
- Die apartheidsregering kan nie alleen geblameer word vir die aanhoudende geweld nie.
- Mededinging tussen verskillende swart groepe was ook verantwoordelik vir die voortgesette geweld.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V1 – LU2 (AS2)]

- Geweld
- Vasberade
- Haat
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 3) (3)

- 3.2.2 [*Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3B – V3 – LU3 (AS2 en 3)*]

Kandidate moet 'n standpunt inneem en hul antwoorde motiveer.

BRUIKBAAR

- Primêre bron
- Vasgelê op die oomblik wat die gevegte plaasgevind het.
- Gee belangrike inligting oor die vasbeslotenheid van die mense.
- Enige ander relevante antwoord.

NIE BRUIKBAAR NIE

- Kan bevooroordel wees.
- Die IVP word gewys as diegene wat die geweld veroorsaak
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

- 3.3 [*Interpretasie en analise van bewyse uit Bronne 3A en 3B – V3 – LU2 (AS2)*]

- Toon IVP lede wat geweld gebruik.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

- 3.4 3.4.1 [*Verduideliking van historiese begrip uit Bron 3C – V1 – LU1 (AS2)*]

- Veiligheidsmagte wat die IVP gefinansier het.
- Verantwoordelik vir aanvalle teen die ANC.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

- 3.4.2 [*Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU2 (AS3)*]

- Die regering het vredesonderhandelinge met die ANC begin vir 'n nuwe Suid-Afrika.
- Beide die regering en die ANC wou die geweld beëindig.
- Terselfdertyd het die regering militêre en finansiële ondersteuning aan die IVP gegee om met aanvalle teen die ANC te loods.
- Die aksies van die regering het die onderhandelingsproses ondermyn.
- Enige ander relevant antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.4.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU2 (AS2)]

- Geweld/Boipatong-slagting.
- Derde Mag betrokkenheid.
- Sluipmoord op Chris Hani.
- Weerstand deur verregse partye.
- Geen samewerking van sommige partye.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 [Onttrekking van inligting uit Bron 3D – V1 – LU1 (AS2)]

- Die ontstaan van 'n nuwe grondwet
- Een kans vir vredesame oplossing
- Politieke veranderinge en kompromieë is gemaak.
- Geleentheid om geweld te staak
- Wedersydse vertroue ontstaan
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2 – LU2 (AS2)]

- 'n Tydelike grondwet sou opgestel word.
- 'n Verkiesingsdag was vasgestel.
- 'n Verkose parlement sou die finale grondwet opstel. (Enige 2 x 1) (2)

3.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronre – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

Kandidate moet van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Het die onderhandelingsproses ontwrig
- Kan incidente van geweld meld
- Lei tot onderhandeling tussen die IVP en die ANC.
- Mandela het sy status gebruik om 'n oproep vir vrede te doen.
- Lei tot wedersydse onderhandelinge tussen die NP en die ANC
- Verklaring van Onderneming
- Fondasie gelê vir 'n nuwe demokratiese SA
- Verkiesing – 27 April 1994
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe teken.

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip oor hoe die verskillende partye met die politieke geweld kwessie gedeel het. • Gebruik bewyse gedeeltelike om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie. 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip oor hoe die verskillende partye met die politieke geweld kwessie gedeel het. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier.. 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip hoe die verskillende partye met die politieke geweld kwessie gedeel het. • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp 	Punte: 6 – 8

3.7 UITGEBREIDE SKRYWERK

3.7.1 [Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse, gebruik analitiese en interpretasie vaardighede – V1 – LU1 (A3 en 4); LU2 (AS1 ,2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe gewelddadige insidente byna die onderhandelingsproses in die wiele gery het, maar deur bemiddeling is eenstemmigheid bereik.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan aandui dat De Klerk se aankondiging die onderhandelingsproses begin het of enige relevante inleiding.

UITBREIDING

- Vrylating van Mandela – proses van onderhandeling begin.
- Eerste samesprekings – Groote Schuur.
- Beide partye toegewyd om geweld te staak.
- Werk daaraan om onderhandelingsproses te laat werk.
- Bring die ANC en die NP nader na mekaar.
- Pretoria-Minute – ANC belowe om geweld te staak.

- Konflik insidente
- Verklaring van Onderneming was onderteken
- Kodesa 1 en 2
- AWB en Wêreldhandelsentrum
- Eerste verkiesing
- Enige ander relevante antwoord.

- Samevatting: Kandidate moet argument met 'n relevante samevatting afsluit. (30)

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

- 3.7.2 *[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

SINOPSIS

Kandidate moet 'n opstel skryf oor hoe politieke geweld die proses van demokrasie bedreig het.

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit.

- Inleiding: Kandidate kan aandui hoe die aanhoudende geweld tot FW de Klerk se aankondiging gelei het.

UITBREIDING

- Vrylating van Nelson Mandela
- Onderhandelinge begin
- Geweld ontstaan tussen IVP en ANC
- Mandela doen 'n beroep om vrede
- Geweld in Boipatong, Natal en Sebokeng
- Derde Mag betrokkenheid
- Verklaring van Onderneming
- Lé die fondasie vir 'n demokratiese Suid-Afrika
- 1994-verkiesing
- Nuwe grondwet sou deur 'n verkose parlement opgestel word
- Enige ander relevante antwoord.

- Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit. (30)

[75]

Gebruik die matriks op bladsy 8 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

VRAAG 4: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) WERKLIK DAARIN GESLAAG OM VREDE EN REKONSILIASIE IN SUID-AFRIKA TEWEEG TE BRING?

4.1 4.1.1 [Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 4A – V1 – LU2 (AS2)]

- (a) • Fundamentele vryheid aan alle mense gewaarborg sonder diskriminasie op grond van ras, geslag, taal, of godsdienst.
• Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

(b) • Verenig/saamstaan as een nasie.
• Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

(c) • Vriendskaplike verhoudings tussen voormalige vyande te herstel
• Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

4.1.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU2 (AS2)]

- Om met die verlede te deel
 - Die noodsaaklikheid van herstel
 - Die noodsaaklikheid vir Ubuntu
 - Om die Suid-Afrikaanse nasie te verenig
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.1.3 [Interpretasie en analise van inligting uit Bron 4A – V3 – LU2 (AS2)]

- Suid-Afrikaners moet mekaar vergewe vir gruweldade wat in die verlede gepleeg is.
 - Om vrede onder Suid-Afrikaners aan te moedig.
 - Om eenheid onder Suid-Afrikaners te bevorder.
 - Om die growwe menseregte skendings in die toekoms te vermy.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.2 4.2.1 [Interpretasie van begrip uit Bron 4B – V2 – LU2 (AS2)]

- Amnestie gekry
 - Skuldiges kan nie deur 'n hof gestraf word nie.
 - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

4.2.2 [Onttrekking van inligting uit Bron 4B – V1 – LU1 (AS2)]

- Slagoffers het die kans gekry om dié te konfronteer wat hulle leed aangedoen het.
- Oortreders het tyd gekry om berou te toon.
- Slagoffers het vir die eerste keer gehoor wat met geliefdes gebeur het, wie verdwyn of vermoor was.
- Anders het uitgevind waar die liggamoenie van hul geliefdes gevind kon word.
- Enige ander relevante antwoord. (4 x 1) (4)

4.3 4.3.1 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU2 (AS3)]

- De Klerk het gevrees dat hy nie onpartydig sou wees nie.
- Sy bevindings sou nie objektief wees nie.
- Dit was algemeen bekend dat Tutu pro-ANC was.
- Tutu was 'n aktivis wat apartheid beveg het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.3.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V2 – LU2 (AS2)]

- Om eenheid tussen Suid-Afrikaners te bevorder.
- Om te voorkom dat vorige menseregte skending nie weer in die toekoms sal gebeur nie.
- Om die nuwe dispensasie te laat werk.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.3.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V2 – LU2 (AS2)]

- Geen lid van die Nasionale Party was gekies om op die kommissie te dien nie
- Aantygings dat die NP die sekuriteitsmagte vryheid gegee het om te moor.
- De Klerk was beskuldig van growwe menseregte skendings.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

4.3.4 [Verduideliking van bewyse uit Bron 4C – V2 – LU2 (AS2)]

- Die WVK het die NP beskuldig dat hulle nie die volle waarheid oor hul wandade onthul het nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 3) (3)

4.3.5 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4C – V3 – LU2 (AS3)]

- Beide bronne wys tekens van nyd en teenstrydigheid tussen die NP en die WVK.
- De Klerk lyk gelukkig omdat geen bewyse gevind kon word oor die aantygings wat teen hulle gemaak is nie.
- Beide toon De Klerk en Tutu se rol.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

4.4 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2 en 3); LU3 (AS2)]

Kandidate behoort van die volgende aspekte in hul antwoord in te sluit:

- Die kwessie van amnestie
- Skuldiges het vrygeloop.
- Slagoffers wou hê dat skuldiges gestraf moes word.
- WVK kon nie die mense dwing om te bely nie.
- Sommiges het geweier om getuenis af te lê.
- Geen NP lid was deel van die WVK nie.
- Vreese dat Tutu nie onpartydig sou optree nie.
- Vergoeding was nie genoeg nie.
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip oor waarom die WVK onderhewig aan soveel kritiek was. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie. 	Punte: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip oor waarom die WVK onderhewig aan soveel kritiek was. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	Punte: 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip waarom die WVK onderhewig aan soveel kritiek was. • Bewyse hou goed verband met die onderwerp. • Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. 	Punte: 6 – 8

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 4.5.1 [Beplan en konstroeer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasie vaardighede – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik of die WVK daarin geslaag het om vrede en rekonsiliaasie in Suid-Afrika teweeg te bring. Kandidate moet stelling inneem.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan agtergrond gee oor die situasie in SA wat die ontstaan van die kommissie genoodsaak het.

UITBREIDING

- Stigting/doel van die WVK.
 - Die WVK bied 'n platform vir belydenisse en getuienis.
 - Die waarheid van vorige wandade was onthul.
 - Mense het geleer wat met geliefdes gebeur het.
 - Vergoeding was aan slagoffers gegee.
 - Nasionale eenheid bevorder
 - Amnestie was aan skuldiges geoffer.
 - Dit het aan die lig gekom dat beide die apartheidsregering en die vryheidsbewegings vir wandade verantwoordelik was.
 - Skuldiges was deur slagoffers en families vergewe.
 - Enige ander relevante antwoord.
- (30)
- Samevatting: Kandidate moet argument met 'n relevante samevatting afsluit.

Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

OF

- 4.5.2 [Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – Gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

SINOPSIS

Kandidate moet 'n verslag skryf oor waarom die WVK so 'n teenstrydige kwessie geword het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan die redes aanvoer vir die totstandkoming van die WVK.

UITBREIDING

- Verduidelik hoe die verskillende standpunte met die doelwitte van die WVK verskil het.
- Die WVK was gekritiseer vir sy prosesse.
- Nie almal was bereid om te bely nie.
- Amnestie aan oortreders was te maklik toegeken.
- Sommige slagoffers het gevoel dat die skuldiges gestraf moet word.
- WVK nie 'n hof nie.
- Nasionale Party lede nie gekies om op die kommissie te dien nie.
- Vrese het bestaan dat Tutu nie objektief sou wees nie.
- Baie blankes voel die WVK bevoordeeld teenoor hulle was.
- Die vergoeding wat gegee was, was min in vergelyking met die aard van die lyding.
- Rekonsiliasie nie werklik bereik nie.
- Enige ander relevante antwoord.

- Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

Gebruik die matriks op bladsy 8 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer.

(30)
[75]

TOTAAL: 150